MONTE CHRISTO EKOLANDGOED

GEDRAGSREëLS VIR EIENDOMSAGENTE

1. DOEL

Hierdie gedragsreëls is noodsaaklik om ordelikheid en eenvormigheid in die bemarking van eiendomme in Monte Christo EkoLandgoed (MCEL) binne die raamwerk van die bestaande gedragsreëls vir eienaars en inwoners en sekuriteitsmaatreëls te verseker.

2. SEKURITEIT

2.1 Alle Eiendomsagente moet asseblief die toegangsbeheermaatreëls nakom soos bepaal deur die MCELV.

2.2 Dit is wenslik dat slegs Eiendomsagente se voertuie op die Landgoed toegelaat word. Alle voertuie moet voorsien wees van sigbare identifikasie van die agentskap.

2.3 Alle agente sal verantwoordelik wees om hulle kliente na die betrokke eiendom te vergesel. Kliente sal nie toegelaat word om alleen in die Landgoed rond te beweeg nie.

3. REGISTARSIE

3.1 ‘n skrywe van die “AgentePrinsipaal” dat die betrokke agent wel indiens van die agentskap is.

3.2 Bewyse van die Agente se Eiendomsraadregistrasiesertifikaat.

3.3 Afskrif van ID dokument/kaart

4. TOEGANGSTYE

Toegangstye vir bemarkingsdoeleindes is daagliks vanaf **07:00** tot **19:00**, Saterdae en Sondae ingesluit.

5. NIE-NAKOMING VAN GEDRAGSREëLS

5.1 Enige nie-nakoming van die bogemelde gedragsreëls sal onder die aandag van die betrokke agentskap se Prinsipaal gebring word vir verdere aandag.

5.2 Die Bestuurskomitee behou die reg voor om versoeke van agente wat hulleself skuldig maak aan die nie-nakoming van hierdie gedragsreëls, toegang te weier.

Goedgekeur deur die Bestuurskomitee van die Monte Christo Ekolandgoed Vereniging op 11 September 2018.

–EINDE –